**LAERSKOOL KRUGERPARK**

# LAERSKOOL KRUGERPARK: TROMPOPPIEBELEID

1. **Doelwitte**
   - 1.1 Om trompoppies as 'n sport/kultuur by die skool te bevorder.
   - 1.2 Om die dogters deursettingsvermoë en dissipline te leer.
   - 1.3 Om die dogters se karaktereienskappe soos selfbeeld, pligsgetrouheid, mededeelsaamheid, respek, spanwerk en samewerking te bevorder.
   - 1.4 Om te presteer volgens hul vermoë maar dit ook te geniet.
   - 1.5 Om soveel moontlik trompoppies in die Krugerpark span te hê.
   - 1.6 Om met die provinsiale kompetisie altyd onder die eerste twee groepe te wees.
   - 1.7 Om deel te kan neem aan die SA kampioenskappe en hul beste daar te gee.
   - 1.8 Om 'n positiewe beeld van die skool uit te dra.

2. **Keuring**
   - 2.1 Keuring vind plaas in Oktober.
   - 2.2 Slegs dogters van gr 2 tot 7 mag aan trompoppies deelneem.
   - 2.3 Dogters moet korrek en gemaklik aangetrek wees.
   - 2.4 Dogters word gekeur op:
     - 2.4.1 Beweeg met ritme op die linkervoet op die maat van musiek.
     - 2.4.2 'n Basiese fiksheid word getoets.
     - 2.4.3 Bewegings met arms en bene word aangeleer en getoets.
     - 2.4.4 In 'n mate word na hul postuur en liggaambou ook gekyk.
     - 2.4.5 Tegniek met 'n leidsterstok, 'n enkel en dubbelvlag asook batons word ook getoets.
     - 2.4.6 Dogters moet geen ander aktiwiteite hê tydens die jaar se oefeninge en kompetisies nie.
     - 2.4.7 Positiewe gesindheid word getoets

3. **Oefeninge en oefentye**
   - 3.1 Daar word van al die spanlede verwag om alle oefeninge baie getrou by te woon.
   - 3.2 Indien 'n trompoppie a.g.v. 'n grondige rede, nie die oefening kan bywoon nie, moet sy voor die oefening met die afrigter reël. Indien moontlik skriftelik.
   - 3.3 Trompoppies moet betyds wees vir alle oefeninge.
   - 3.4 Indien 'n trompoppie weens 'n besering nie kan saam oefen nie, moet sy op die paviljoen sit en kyk wat die span doen.
   - 3.5 Onnodige soetgoed en skyfies word nie toegelaat by die oefening nie.
   - 3.6 Dogters moet klaar geëet wees voor die oefening begin.
   - 3.7 Geen kougom mag gekou word gedurende die oefeninge nie.

3.8 Selfone word verkieslik nie toegelaat nie, indien daar wel by die oefeninge selfone is, mag dit net aan die einde van die oefening gebruik word om ouers te skakel. Selfone word op eie risiko gehanteer.

3.9 <u>Oefentye</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdae | Vlae | 14:15 – 16:15 |
| Woensdae | Almal | 14:15 – 16:15 |
| Donderdae | Leidsters | 14:15 – 16:15 |
| Vrydae | Almal | 14:00 – 17:00 (indien so gereël) |
| Saterdae | Almal | 09:00 – 14:00 (indien so gereël) |

3.10 <u>Kleredrag:</u>
Tekkies of kaalvoet tydens oefeninge – geen plakkies
Geen rompies of skoolklere nie.
Geen moulose of spaghetti bandjie hempies nie.
Geen hare in gesig nie (Alle kuiwe en los hare moet weggesteek wees)
Hoed op haar kop vir beskerming van die son.

3.11 'n Motiverings trofee word met elke oefening uitgedeel aan die dogter wat haar beste vir die dag gedoen het. Trofeë word 'n week gehou en moet die daaropvolgende week terugbesorg word (trofeë mag nie beskadig word)

3.12 'n Teenwoordigheidsregister word gehou, indien die dogter meer as 10 – 15 afwesighede het sonder verskoning mag sy gevra word om die trompoppies te verlaat.

3.13 Inskrywings kan ontvang word as u dogter 3 maal afwesig is sonder verskoning.

3.14 Ouers wat op die paviljoen sit en kyk word gevra om nie die dogters of afrigter se aandag af te trek of om in te meng met die oefening nie.

## 4. **<u>Kompetisies</u>**

4.1 <u>Kleredrag</u>: Blou netjiese denim met span T-hemp en skoon tekkies. Nuwe skoolbaadjie vir hitte. Sportsakkie sal voorsien word vir kos en persoonlike benodighede vir die dag.

4.2 <u>Kompetisiereëls</u>:

4.2.1 Alle dogters ry met die bus na die kompetisie of indien geen bus beskikbaar is ry die dogters met eie vervoer.

4.2.2 Die trompoppies bly as 'n span bymekaar.

4.2.3 Die trompoppies eet as 'n groep saam indien in 'n restaurant.

4.2.4 Geen uitjouery of aanmerkings teenoor enige iemand.

4.2.5 Video's mag net van ons eie span gemaak word, geen foto's met 'n flits mag geneem word nie.

4.2.6 Ouers mag nie tydens 'n kompetisie inmeng met die beoordelaars nie.

4.2.7 Al die spanlede is verantwoordelik vir die opruim van die aantrekkamer en die inpak en uitpak van die bus of sleepwa met alle uitrustings. Hulle moet ook opruim waar hulle gesit het.

4.2.8 Alle dogters moet bly tot na die prysuitdeling.

4.2.9 Tydens die prysuitdeling is daar absolute stilte, dogters sal aangewys word wat die sertifikate en trofeë sal gaan afhaal, die hoofleidster sal die meeste ontvang namens die groep.

4.2.10 Kratte met uitrusting moet altyd binne 'n week na die kompetisie skoon en netjies terug besorg word.

5. **Erekode aand**

5.1 Die aand vind gewoonlik in Februarie of vroeg Maart plaas, dit is verpligtend vir alle dogters.

5.2 Alle dogters onderteken die erekode saam met hul ouers voor getuies.

5.3 Elkeen ontvang 'n klein geskenkie vir motivering.

5.4 Elkeen ontvang ook die trompoppie beleid.

6. **Afsluitingsfunksie**

6.1 Die funksie vind gewoonlik in Augustus plaas.

6.2 Die funksie is verpligtend vir alle dogters.

6.3 Dogters ontvang die volgende:

6.3.1 Sertifikaat van verdienste van die skool vir deelname aan Trompoppies.

6.3.2 Bywonings sertifikaat – teenwoordigheid is 'n vereiste vir hierdie sertifikaat:

| | | | |
|---|---|---|---|
| - 0 | afwesighede | - | 100% |
| - 1 – 5 | afwesighede | - | Goud |
| - 6 – 10 | afwesighede | - | Silwer |
| - 11 – 15 | afwesighede | - | Brons |

6.3.3 Uniformsertifikaat – inhandiging van uniforms en kratte vir die jaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| - 0 | foute | - | 100% |
| - 1 – 3 | foute | - | Goud |
| - 4 – 6 | foute | - | Silwer |
| - 7 + | foute | - | Brons |

6.3.4 Trofeë – ouers word gevra om te help dat die trofeë geborg word.

- Hoofleidster
- Beste Subleidster
- Beste Dubbel vlag
- Beste Groot/Hoofvlag (as daar dogters was)
- Beste Enkel vlag
- Beste Pom-pom (2 dogters)
- Alle gr. 7's ontvang ook 'n trofee as aandenking van jare se deelname.
- Elke dogter ontvang 'n klein geskenkie om dankie te sê van die afrigter/groep en die hoofleidster.
- Komitee lede ontvang 'n klein geskenkie om dankie te sê

6.3.5 Individueel:

6.3.5.1 2 jaar aaneenlopend deelneem ontvang 'n sertifikaat van verdienste.

6.3.5.2 3 jaar aaneenlopende deelname ontvang 'n Meriete sertifikaat

6.3.5.3 4 jaar aaneenlopende deelname ontvang 'n Meriete sertifikaat en 'n Trompoppie balkie

6.3.5.4 5 jaar aaneenlopende deelname ontvang 'n Erekleure sertifikaat en 'n Kultuurbalkie

6.4 Dogters wat hul erekleure ontvang (Gr 5 – 6) met die "Colours camp" van LIMCA ontvang 'n Erekleure sertifikaat en 'n Erekleure balkie.

6.5 Spanverband:
Limpopo naaswenners – dogters ontvang 'n sertifikaat van verdienste
Provinsiale wenners of SA deelname – dogters ontvang 'n Meriete sertifikaat.

6.6 Hoofleidster ontvang 'n wisseltrofee en Meriete sertifikaat vir Beste Prestasie

7. **<u>Afrigters en organiseerders</u>**

7.1 Die afrigter(s) en organiseerder(s) word deur die skool aangestel.

7.2 Die afrigter doen die keuring en stel die span saam. Indien daar 'n navraag is oor die spankeuse, moet dit skriftelik aan die afrigter gerig word, wat dit sal opvolg en terug rapporteer.

7.3 Daar word dus van die afrigter verwag dat sy die trompoppies deeglik evalueer sodat sy navrae kan motiveer.

7.4 Die afrigter wys die hoofleidster aan, so ook alle groepe.

7.5 Daar word van alle ouers verwag om positiewe ondersteuning aan die afrigter te bied.

7.6 <u>Pligte van die afrigter:</u>

7.6.1 Die afrigter stel die tye van die oefeninge vas soos deur die skool aan haar gegee.
('n Kwartaalprogram word hiervoor uitgegee)

7.6.2 Die afrigter is verantwoordelik vir die uitsoek van musiek vir die Large drill en Small drill groep en ook die pom-pom groep, Throwing prop en Vlaggroep.

7.6.3 Die afrigter is verantwoordelik vir die uitwerk van die formasies en die bewegings van elke groep – die dogters help met van die bewegings.

7.6.4 Die afrigter is in beheer van die klankstelsel gedurende die oefening.

7.6.5 Sy moet kennis dra van trompoppies wat nie teenwoordig is nie, daarom word
daar 'n bywoningsregister gehou.

7.6.6 Die afrigter bepaal die vertrektye en kleredrag van die dogters na kompetisies en optredes.

7.6.7 Die afrigter is ten alle tye verantwoordelik vir die span se dissipline.

7.7 Pligte van die organiseerder

7.7.1 Reël vervoer na kompetisies en optredes in samewerking met die hoof.

7.7.2 Ontvang alle gelde van die leerders en betaal dit by die finansiële kantoor in. Oorhandig kwitansies aan die leerders.

7.7.3 Stel 'n begroting op vir die jaar.

7.7.4 Doen aanvraag van fondse soos begroot. Handig alle dokumente en bewyse van uitgawes in na afloop van 'n toer.

7.7.5 Reël vergaderings met die ouers of die ouerkomitee. Stel briewe op. Lei die vergaderings met die ouers en die ouerkomitee.

7.7.6 Doen aansoek van die skool se voertuig vir vergaderings, vul nodige eisvorms in en dokumentasies rakende die rit.

7.7.7 Stel Borgvorms beskikbaar en is verantwoordelik vir die kontrole daarvan.

7.7.8 Reël terugvoering of oorhandiging van sertifikate/trofeë na 'n kompetisie of toer in die saal met saalopeninge.

7.7.9 Reël die erekode aand en afsluitingsfunksie. Reël dat alle sertifikate bestel is en doen ook die administrasie rondom dit.

7.7.10 Reël die saal se regmaak/skoonmaak vir vergaderings en funksies asook alle versierings daaraan verbonde.

7.7.11 Die organiseerder reël in samewerking met die ouerkomitee projekte vir fondsinsamelings vir die jaar.

8. **Ouerkomitee**

8.1 Die ouerkomitee word deur die ouers self gekies – die ouers wat hulself beskikbaar stel om die Afrigter en organiseerder te help deur die jaar.

8.2 Die komitee bestaan uit: 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en 2 of 3 lede saam met die afrigter en die organiseerder.

8.3 Die komitee vergader een maal 'n maand om belangrike sake te bespreek rakende kompetisies, toere, optredes, skoonmaak van uniforms, projekte, borgskappe, funksies en ander hulp wat verleen mag word.

8.4 Die organiseerder bepaal die agenda by die vergadering en die sekretaresse hou notule wat daarna getik en aan die komitee lede gegee word so gou as moontlik.

8.5 Die komitee tree ook in verbinding met ouers indien dit nodig is vir hulp met projekte of kompetisies.

9. **Befondsing**

9.1 Die afrigter en organiseerder berei jaarliks 'n begroting voor wat begin van die vierde kwartaal opgestel word en aan die beheerliggaam dan voorgelê word.

9.2 Die begroting dek nie toere, uitstappies en vervoer na kompetisies toe nie. Dit dek wel Die aankoop van uitrusting om die sport te bevorder.

9.3 Borgvorms en borgbriewe is by die skool beskikbaar vir die insameling van fondse vir bv. die SA toer.

9.4 Ouers word versoek om te help met die borgskappe van die motiverings trofeë asook die trofeë vir die eindjaarfunksie.

9.5 Die afrigter/organiseerder sal van tyd tot tyd vir die ouers inligting deurgee rondom projekte of om algemene inligting deur te gee.

9.6 Die afrigter en organiseerder saam met die ouerkomitee bepaal wat met die fondse en borgskappe gemaak gaan word om die trompoppie groep te bevorder maar die organiseerder bly in beheer van die besluite wat geneem word.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

____________________________ ______________________

Beheerliggaamvoorsitter Hoof: Laerskool Krugerpark